## 23 Oktober 2021 - Lesing 1 - Johannes die Voorloper word vermoor deur koning Herodes, - `n profetiese perspektief vir ons tyd en ons Volk

### Aanhalings uit Die Groot Johannes Evangelie, Boek 4, Hoofstuk 12 en verder

SefanJaH 3:10 Van **oorkant die riviere van Kuwsh [Ethiopië]** vandaan sal My blye aanbidders, die Dogter van My Verstrooide, My **bydrae** bring. [JeshaJaH 18:1; Maleagi 3:16]

12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly **'n beproefde en behoeftige volk** wat in die Naam van JaHWeH skuiling soek. [Psalm 22:26]

17 JaHWeH Jou Elohey **is by Jou** , [Hy] is magtig, Hy sal [Jou ] verlos. Hy verheug Hom oor Jou met Blydskap; Hy is stil (in Sy liefde); Hy sal juig oor Jou met Blydskap.

18 Hy vergader dié wat bedroef is - ver weg van die fees versamel Ek; **hulle hoort by Jou**, die smaad druk swaar op hulle.

20 In dié tyd **sal Ek julle aanbring**, ja, in die tyd wanneer Ek julle uit ballingskap bring; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die Aarde, wanneer Ek voor julle oë julle uit gevangeskap laat terugkeer, sê JaHWeH. [JirmeJaH 49:38]

**Jes 18:1** WEE die Aarde wat beskermde Vleuels [gehad het], wat oorkant die riviere van Kuwsh lê; [Psalm 61:4; TsefánJaH 3:10]

...na die hoogs gelowige nasie met die **blink[ligte] vel**, die **oral gehate volk**, die nasie gewoond om verdruk te word, ...

18:3 ....En wanneer die ramshoring geblaas word, luister! [JeshaJaH 11:12; ZekarJaH 9:16]

18:5 Want voor die aangesig van die oes, wanneer die bloeisel volgroeid is en die blom ‘n rypende druiwekorrel word, sal Hy die **ranke afkap** met kapmesse [pangas] en die lote wegkap;

18:6 hulle word almal saam oorgegee aan die **roofvoëls van die berge** en aan die wilde wesens uit die Aarde; die roofvoëls sal hulle **afoes**, en al die wilde wesens uit die Aarde sal hulle **kaal plunder**.

Isa 18:7 In dié tyd sal aan JaHWeH van die skeppings-leërmagte die **eerbewys gebring word van die hoogs gelowige volk met die blink[ligte] vel, die oral gehate volk, die nasie gewoond om verdruk te word**, wie se Aarde deur moeras-riviere afgesny word, **na die plek van die Naam van JaHWeH van die skeppings-leërmagte, die Berg van Sion.**

**Jes 2:2** En aan die einde van die dae sal die **berg van die Huis van JaHWeH vas staan** op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, **en al die nasies sal daarheen toestroom.**

Isa 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die Berg van JaHWeH, **na die Huis** van die Elohey van Jakob, dat Hy ons Sy Weë kan leer en ons in Sy Paaie kan wandel. **Want uit Sion sal die Wet uitgaan en die Woord van JaHWeH uit Jerusalem.** [Miga 4:2]

### Die spioene van Herodes

**GJE 4:9 [2]** Ek (JaHshua) sê vir Markus: "Vriend, gaan maar en sê vir die spioene van Herodes wat agter jou huis loer: ‘**Die Seun van die mens handel en spreek openlik voor die oë en ore van die hele wêreld** en wil dit dan ook met niemand wat vir geheime sake is, bespreek nie. Wie dus met My wil praat en oor iets wil beraadslaag, moet na My toe kom en ook baie openlik praat en handel! By My word daar niks stilletjies en geheimsinnig in die oor gefluister of **in die verborgene gehandel en beraadslaag nie**. Dit is slegs maar `n doemwaardige gewoonte van die kinders van die wêreld, wanneer hulle iets slegs voor oë het en hulleself nie gou en openlik genoeg daarmee blootstel nie, omdat hulle vanweë hulle bose planne **bang is vir die mense.** Ek gaan egter openlik te werk en sê alles hardop en het geen angs vir hulle nie, omdat my bedoelinge met die mense goed is!' - Gaan dus en sê die **snode verraaiers** wat Ek nou vir jou gesê het!"

GJE 4:10 Zinka sê: "Meester! On wil tog nie ook by die betrokke saak betrek word nie? **Ons meester en gebieder was tot op hede Herodes**. Hy het baie gedoen wat eintlik gruwelik onregverdig is ten opsigte van die arme mensdom - ek sê dit baie duidelik, - maar wat kon ons anders doen as om sy bevele, hoe miserabel ookal ten uitvoer te bring? ....

[2] Dink u dalk dat ons nie weet van die totale onskuld van die nou kort gelede onthoofde Johannes nie? O, daarvan was ons oortuig en ons het gehou van sy wyse woorde en sy toegewyde diens aan God. Hy het ons nog die mooiste lesse in die kerker gegee, het ons aangespoor om baie geduld en uithouvermoë aan die dag te lê en het ons gewaarsku van die sonde teen God en teen die naaste. Hy het ons ook vertel dat daar nou in Galiléa `n **Profeet van die profete en `n ware Priester van die priesters opgestaan het**, wie se skoenrieme hy nie waardig was om los te maak nie! Hy verkondig toe aan ons dat **hierdie Een ons sal verlos van alle boosheid en aan ons die weg van die Lig, van die Waarheid en die Ewige Lewe sou wys**. Kortom, hy het ons bewakers `n les gegee asof ons sy leerlinge en sy beste vriende was.

[4] Ongelukkig genoeg het Herodes in die tyd sy verjaardag met baie glans gevier. **Herodias**, wat deeglik op hoogte was van die swakhede van Herodes, **tooi haar op hierdie dag baie spesiaal op**, en verhoog daarmee haar bekoorlikheid tot ongekende hoogtes. So uitgedos kom sy met **haar draak van `n moeder** om hom geluk te wens, en omdat daar in sy paleis harp-,

fluit- en vioolspelers was, dans Herodias toe vir die **belustig wordende Herodes**. Dit beval die geil bok so goed dat die dwaas `n dure eed sweer **om haar alles te gee wat sy hom sou vra!** Toe was dit so goed as gedaan met ons goeie Johannes, omdat hy die vervloekte hebsug van die ou vrou te veel in die weg gestaan het. Sy gee die jong vrou die wenk **om die hoof van Johannes op `n silwer skottel te vra,** wat dit toe - alhoewel met heimlike afsku- doen.

### ROLSPELERS gedurende die eindtye

**JaHshua** = die Bruid
**Johannes** = die verkondigers van die innerlike koms
**Koning Herodes** = die Politieke mag
**Zinka** = geheime staatsmag
**Moeder Herodias** = Satana = Hoervrou van Babilon
**Dogter Herodias** = Hoerkerke in Suid-Afrika se valse leerstellings
die **Fariseërs** = Wêreldse Geheime ordes

**GJE 11:[3]** Hierdie man het My nou `n goeie diens bewys omdat hy as oog- en oorgetuie **My leerlinge nougeset beskrywe het** hoe My voorloper Johannes, wat in die omgewing van die Jordaan gepreek en gedoop het, deur Herodes gevange geneem en om die lewe gebring is. **Nie vir My nie, maar vir My leerlinge** moet hy nog vertel waarom Herodes Johannes dan eintlik laat vang en in die gevangenis gewerp het. Stel jy hierdie vraag aan hom!"
[8] ...Wel, jy was seker ook by sy gevangeneming aanwesig? Sal jy my dan ook nog kan vertel waarom, en na aanleiding waarvan, Herodes nou eintlik vir Johannes, wat hom sekerlik geen kwaad aangedoen het nie, gevange laat neem het? Want hy moes tog die een of ander rede daarvoor gehad het!"

### Die gevangeneming van Johannes die Doper

GJE 12:1 **Zinka** sê: "As ek dit heel vryuit en eerlik mag spreek, sonder dat bose gevolge daaruit mag voortvloei, sou ek aan u, omdat ek self die hand uitgesteek het na die onskuldigste van alle onskuldige mense, wel die werklike rede kon gee. Maar as hier ook maar enigsins te dor strooi in die dak sou steek, dan is dit vir my baie beter om te swyg oor `n geskiedenis waaraan ek nie sonder die grootste hartseer, maar ook nie sonder die bitterste en bytendste woede, kan terugdink nie!"
[2] **Cyrenius** antwoord: "Spreek ronduit die waarheid, want by ons sal jy geen dorre strooi in die dak vind nie!"
[3] **Zinka** sê: "Nou goed dan, luister na my! Ek het alreeds aan u gesê dat ek nou gladnie aan enige God meer glo nie, want alles wat in die tempel oor Hom geleer word is leuens, die duisterste en skandelikste leuens! Want so `n God kan ewiglik nêrens bestaan nie! Ons ongelukkige vriend Johannes **het werklik een ware God vir die volk geleer, en sy leer was noodsaaklik en het aan elke mens, wat nie aan die tempel behoort het en geen Fariseër was nie, baie goed aangedoen.** Maar vir die tempel was sy leer oor die ware God `n te groot verskrikking. As verstandige man sal u nou so saggies aan wel begin te snap uit watter hoek die stormwind begin waai het.
[4] Die here van die tempel sou die arme Johannes lankal met plesier van kant gemaak het as hulle nie vir die volk so bang was nie, wat nou grotendeels tog wel op hoogte was met die skandelike leuens en die duistere bedrieëry. Daarom het hulle `n plan bedink om Herodes wys te maak dat Johannes heimlik met allerlei verkeerde en baie listige verborge voorspellinge **die volk wou aanhits tot `n verskriklike muitery teen die onderdrukker Herodes**.
[5] Ten slotte bring dit Herodes daartoe om saam met ons na Johannes te reis in die baie woeste omgewing aan die Jordaan, om homself daarvan te oortuig of Johannes se aktiwiteite werklik so gevaarlik was! Maar by Johannes aangekom, vind hy selfs met die mees kritiese ondersoek nie die geringste spoor van al die dinge wat die tempel aan hom gestel het nie. Daarom word hy uiteindelik self baie woedend en boos oor die onuitspreeklike verdorwenheid van die tempel en sy bewoners.
[6] Toe mense vanuit die tempel daarna by hom begin aandring om Johannes onskadelik te maak, sê hy dreigend, in my teenwoordigheid, vir hulle dat hy nooit teen sy oortuiging in op advies en terwille van ellendige, vraatsugtige honde `n mens sou teregstel nie!
[7] Na hierdie kragdadige antwoord trek **die swarte ridders** hulle terug en swyg. Maar desnieteenstaande volhard hulle in hulle bose beraadslaging. Terwyl hulle hulleself uiterlike goed gedra het en gedoen het asof Johannes hulle nie meer in die minste geïnteresseer het nie, **het hulle heimlik sluipmoordenaars in diens geneem, wat die man van God se lewenslig moes uitblaas.**
[8] Toe Herodes dit gehoor het, kry hy medelye met die eerlike, onskuldige siener. Hy roep ons bymekaar en vertel wat hy gehoor het en sê ten slotte: 'Luister, hierdie man moet ek red! Gaan daar **vir die skyn** met wapens en toue na hom toe, bind hom lossies, vertel hom my geheime plan en dan sal hy julle volg! Ek sal hom hier in `n goeie gevangenis baie veilig laat oppas, terwyl hy vrylik met al sy leerlinge kan omgaan!'
[9] So gebeur dit dan ook en Johannes was daarmee, so goed en so kwaad as wat dit gaan, tevrede. Maar die swart addergeslag uit die tempel vind maar al te gou uit dat Herodes Johannes slegs vir die skyn in die mansgevangenis laat inbring het, en hom egter alle vryheid gegee het om met sy leerlinge om te gaan. Toe begin hulle weer te beraadslaag hoe hulle Herodes ten slotte sovêr kon kry dat hy self die hand aan Johannes sou slaan.